HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 03 van 2025**

14 Oktober 2025

Geagte Ouers/Voogde

**Verslag van die Voorsitter van die Beheerliggaam en die Skoolhoof**

Hierdie verslag word gelewer in aanloop tot die Algemene Jaarvergadering wat op 23 Oktober 2025 aanlyn sal plaasvind soos in Algemene Omsendbrief nommer 2 van 2025 aan u voorgehou.

Ons versoek vriendelik dat u die vergadering sal bywoon soos per instruksie reeds aan u verduidelik.

Die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg staan in diens van die leerders van ons skool. Elke besluit en aksie is in direkte belang van die kwaliteit van geleenthede wat by die skool gebied word, aangesien ons leerders die beste verdien wat ons kan gee.

**Strategies fokus ons Beheerliggaam tans onder andere op die volgende aspekte:**


| No | Fokuspunt | Onderafdeling | Projekte |
|---|---|---|---|
| 1 | Prestasievlak van die skool | Akademie | Ons personeel oorweeg tans 'n plan van aksie om ons akademiese aanbod in 2026 met die behoefte van 'n veranderende generasie van leerders te belyn. Ons wil graag die leerinhoud meer relevant en toeganklik aanbied ten einde groter vlakke van suksesbelewing te bewerkstellig.<br><br>Die matrieks van 2024 het baie goeie resultate gelewer en ons beste wense vergesel hierdie jaar se graad 12's met die eindeksamen wat spoedig begin. |
| | | Sport | Ons wil graag ons sportaanbod verbeter en 'n eerste tree na professionele sportbestuur gee.<br>In 2026 gaan ons 'n toegewyde sport-, bemarkings- en werwingskantoor van stapel stuur met direkte fokus op geïdentifiseerde funksies ten einde ons doelwitte te bereik. Ons visie sien dat sport en bemarking mettertyd in twee aparte entiteite sal verdeel wat 'n noemenswaardige bydrae tot ons diensaanbod sal lewer.<br>Meer gefokusde werwingsaksies gaan poog om die talent van ons gemeenskap, vir ons gemeenskap en skool, behoue te laat bly.<br>Daar is begroot vir meer afrigters vir 2026 in groter sporte aangesien ons die vlak van leerderdeelname ook sou wou verhoog en ons toernooie en ligas kies waar B- en C-spanne ook geleentheid tot deelname kry. Die sportaanbod verbreed verder met die byvoeging van Robotika en E-sport. |

| No | Fokuspunt | Onderafdeling | Projekte |
|---|---|---|---|
| | | Kultuur | Met 'n sterk aanbod van kultuurvaardighede gee ons vir ons personeel die ruimte en aanmoediging om vir ons leerders geleenthede tot deelname op die hoogste vlak te skep. Die toenemende deelname aan aktiwiteite soos Tienertoneel, A Capella, debat, ensovoorts, is reeds 'n bewys van sukses in hierdie verband.<br>As besondere getuigskrif wens ons die Tienertoneelstuk, "Wildsblom", deur Ethan Bester geskryf, geluk met die toekenning as nasionale wenners in die Allegretto toneelkompetisie in die kategorie, "leerderproduksies".<br>Die pantomime-produksie, "Alles in Wonderland", was onteenseglik 'n hoogtepunt op die 2025-kalender, met 'n personeelspan en meer as 100 leerders wat 'n uiters professionele en genotvolle vertoning op die planke gebring het. Ons Afrikaans 100 fees in Augustus was ook 'n kulturele reis wat vir lank onthou sal word.<br>Met die bedanking van ons huidige koorleier is ons baie bevoorreg om die dienste van 'n nasionale bekende in die koorwêreld, Me. Renette Bouwer, te bekom. Ons opregte dank aan Me. Laura de Waal wat met haar kundige leiding die koor in die afgelope paar jaar na nuwe hoogtes gelei het. Ons sien uit daarna dat hierdie werk voortgesit word. |
| 2 | Fasiliteite | Projekte | Ons hokkie-astro is klaar en word eersdaags ingewy. Die krieketveld behoort ook eersdaags gereed vir aksie te wees.<br>Spreiligte is by die astro en die tennis-/netbalbane geïnstalleer om hierdie fasiliteite daagliks vir langer te kan gebruik.<br>Ons beplan steeds om al die klaskamers op te gradeer. Daar word reeds kwotasies en behoorlike navorsing ingewin sodat die werk in 2026 kan begin.<br>Verskeie ander kleiner projekte is in proses of word vir 2026 beplan om ons fasiliteite deurlopend in stand te hou en te verbeter. U sal bv. opmerk dat die palissade in die dienspad geverf is. |
| | | Dienste | Met die voortdurende styging in koste van elektrisiteit en water beoog ons om in 2026 weer met erns oplossings te ondersoek om ons blootstelling aan munisipale kostes te verskans. Elemente hiervan is reeds in die 2026-begroting vervat. |
| 3 | Beleide | Hersiening | 'n Tydlyn is opgestel om bestaande beleide te hersien met inagneming van die veranderde Skolewet soos deur die nuwe Bela-wetgewing en gepaardgaande voorgestelde regulasies gewysig. Die proses vorder, met die hersiening van sekere kernbeleide wat reeds afgehandel is. Ons beoog om die projek tydens 2026 af te handel. |
| | | Gedragskode vir leerders | Hierdie dokument word indringend hersien in samewerking met die personeel en as skool maak ons byvoorbaat staat op ouerondersteuning in hierdie verband. Ons streef na 'n waardegedrewe skool met selfdissipline as hoogste norm. |
| 4 | Finansies | Borgwerwing | Die Beheerliggaam het die behoefte uitgespreek om groot te dink in terme van korporatiewe borgskappe en die vestiging van fondse saam met die alumni ten bate van die skool. Ons |

| No | Fokuspunt | Onderafdeling | Projekte |
|---|---|---|---|
| | | | beoog om 'n persoon te identifiseer wat die skool hiermee kan ondersteun. Meer inligting sal volg soos wat die proses realiseer. |
| 5 | Personeel | Voordele | Ons het ten doel om ons Beheerliggaamposte teen dieselfde skaal as Departementele poste te vergoed. Ons kruip jaarliks nader aan hierdie doelwit, maar is nog nie waar ons moet wees nie. Ons kon wel in 2025 begin met die aanbied van 'n pensioenvoordeel vir ons BL-poste, wat al 'n groot verbetering in ons diensaanbod is. Ons leef egter in 'n uiters kompeterende mark en moet aanhou om diensgeleenthede by ons skool kompeterend aanloklik vir die aansoeker te maak.<br><br>In die lig hiervan bied die skool bykomende vergoeding aan personeel vir dienste gelewer bo en behalwe die normale onderrigprogram. Hier dink ons aan organisering en afrigting van buite-kurrikulêre programme en ko-kurrikulêre akademiese programme en intervensies. Hierdie vergoeding-skaal moet ook normgewys aanpas ten einde kundigheid te behou en nie aan die kompeterende rolspelers in ons mark te verloor nie. |
| 6 | Alumni | Inisiatief vir oud-leerders en -onderwysers | Die BL is in samespreking met 'n nuut-gevestigde inisiatief ten einde hierdie konsep 'n lewende werklikheid, tot voordeel van die leerders van ons skool, te maak. |

**Ons doen verder verslag oor ons leerdertal:**

Voorlopige aanduidings voorspel weer 'n leerdertal van meer as 200 by graad 8 in 2026. 'n Aanwins van leerders het 'n positiewe effek op ons begroting, aangesien dit die persentasie skoolgeld-verhoging beperk. Getalle skep uiteraard ook meer geleenthede en selfs meer kompeterende prestasies.



**Skoolkapasiteit:**

Die opwinding van positiewe groei in leerdergetalle moet met beskikbare fasiliteite en kapasiteit gebalanseer word. 'n Eksterne diensverskaffer het in 2022 ons skoolkapasiteit bereken en bepaal dat ons 'n maksimum van 813 leerders kan akkommodeer met inagneming van alle relevante wetgewing wat welstand en veiligheid betref. Hierdie berekening sal binnekort in die lig van verwagte nuwe regulasies en die opgradering van ons fasiliteite in die afgelope drie jaar hersien word. Ons bestuur die huidige oorskryding van die kapasiteit omsigtig met 'n hele aantal onderwysers wat swerfroosters volg en dus nie hul eie klaskamers het nie. Elkeen van die onderwysers benodig egter 'n individuele werkstasie en sou die groeitendens voortgaan, oorweeg ons modelle om eenvormige klaskamers en kantore vir leerkragte te implementeer. Ons oorkoepelende doelwit bly steeds die daarstel van 'n effektiewe onderrigomgewing, wat aspekte soos klasgroottes (binne die raamwerk van toepaslike wetgewing en regulasies) en ondersteunende fasiliteite in ag neem.

**Personeel:**

Hierdie is jaarliks ons grootste uitgawe. Tydens 2025 befonds die staat 37 onderwyserposte soos volg gestruktureer:

| | |
|---|---|
| 1 x posvlak 4-pos | = skoolhoof |
| 2 x posvlak 3-poste | = adjunk-hoofde |
| 6 x posvlak 2-poste | = departementshoofde |
| 28 x posvlak 1-poste | = onderwysers |

Met hierdie toewysing alleen sou al ons klasse 35 – 40+ leerders per klas moes akkommodeer. Nie alleen is ons lokale ontoereikend vir sulke groot groepe nie, dis opvoedkundig onverantwoordbaar en verlaag die standaard van onderrig.

Om ons klasse klein te hou, dra die Beheerliggaam en ouers die las van addisionele onderwysposte as aanvullend tot die Departementele skaal. Ons het tans 30 addisionele onderwysers in diens en die resultaat is, bv. graad 8-klasse van 22 of 23. Keusevakke in die seniorgrade is almal kleiner as 30 en in belang van 'n diversiteit van vakkeuses, word klein groepe van tot vyf leerders in 'n vak geakkommodeer – *dit is uitsonderlik, die norm is 15 leerders vir 'n vak*. Ons bied ook na-uurse vakke aan vir leerders wat meer as die voorgeskrewe minimum vakke sou wou neem as deel van hul Verdere Onderwys en Opleidingskurrikulum (gr.10-12).

Ons benodig ook die dienste van meer as die ses werkers wat deur die GDO voorsien word om ons terrein en geboue in stand te hou.

Administratief voorsien die GDO slegs twee poste en ons het 'n verdere ses mense in diens om aan die administratiewe behoefte van die skool te kan voldoen.

Met die inisiatief van ons beoogde sport- en bemarkingsentrum benodig ons drie ekstra onderwysers, aangesien ons bestaande onderwysers in 2026 aan ons sentrum toewy.

Hierdie personeeltoewysing en -groei is in die begroting vervat soos op 23 Oktober aan u voorgehou gaan word.

**Personeelwisseling:**

Ons beleef vanjaar 'n uitsonderlike hoë personeelwisseling. Mev.'e Du Toit, Van Wyk en Van den Berg tree in 2025 af. Verder het mnr. Viljoen en mev. Calder bedank om persoonlike doelwitte buite die onderwys na te streef. Ons beste wense vir die toekoms vergesel elkeen van hulle.

Ons is druk besig met personeelwerwing om hierdie vakatures met die bes moontlike kandidate te vul wat 'n substantiewe bydrae tot ons skool sal lewer. Ons adverteer tans 'n hele reeks poste waar ons dan ook voorsiening maak vir poste waar ons tans aflospersoneel in diens het.

**Die skool en inflasie en skoolgeldverhoging:**

Die skool is nes ons almal aan deurlopende verhoogde kostes uitgelewer. Ons beleef egter skerp stygings in die koste van diverse noodsaaklikhede soos boumateriaal, skoonmaakmiddels en dienste deur eksterne diensverskaffers gelewer. Soos reeds genoem, raak die berugte munisipale koste-verhogings die skool direk met 'n groot impak op ons jaarlikse begroting.

In die lig van die bostaande, is 'n teiken wat die skoolgeldverhoging in lyn met die gepubliseerde inflasiekoers van tussen 3% en 4% stel, rekenkundig ongelukkig nie haalbaar nie. Die werklikheid vir ons skool is 'n hoër inflasiekoers.

Sonder om die aap uit die mou te laat, kan ons egter bevestig dat ons 'n verhoging onder 6% voorsien. Dis 'n kompliment vir ons finansiële bestuurspan wat uiters deeglik, noukeurig en konserwatief met ons finansies werk.

Voorlopige aanduidings wys daarop dat ons steeds die goedkoopste Afrikaanse skool in Johannesburg-Noord gaan wees. Ons dienslewering kom ook teen 'n aansienlike laer jaarlikse koste as verskeie skole in die Pretoria-omgewing.

**Samevatting:**

Die volgehoue sukses van Hoërskool Randburg is in die hande van die personeel, die Beheerliggaam en die ouers/voogde wat as vennote moet hande vat om die beste belang van ons kinders te bevorder. Ons is opreg dankbaar vir die groot meerderheid van ouers/voogde wat getrou u skoolgeldverpligtinge nakom. Dit versterk ons hande om dinge aan te pak wat vir die leerders tot voordeel kan strek. U bydrae tot die skool en sy leerders strek egter veel wyer. Ons leerders se sukses is by uitstek ook afhanklik van die grondige basis wat tuis deur u, as ouer/voog, gelê word – die vestiging van 'n stabiele en positiewe huislike omgewing, aanmoediging en ondersteuning van deelname en getrouheid in skoolwerk en die uitleef van lojaliteit aan u kind se skool. Indien u as ouer/voog 'n moontlike uitdaging identifiseer ten opsigte van u kind, inligting wil inwin of verskille met die skool wil uitklaar, nooi ons u om onverwyld met die skool te skakel om sodoende voorkomend op te tree.

As ons as **SPAN** saamwerk, gaan ons skool en uiteindelik ons leerders, die vrugte daarvan pluk.

Kom ONS maak Randburg die BESTE plek wat hy kan wees.

Vriendelike groete en ons is opgewonde positief oor die verskil wat ONS ALMAL in 2026 gaan maak.

***"'n Randjie gaan lê nooit"***

| | |
|---|---|
| **C. LE ROUX** | **P. BOOYSEN** |
| **VOORSITTER VAN DIE BL** | **SKOOLHOOF** |